Ges. 47: 1,3. **Twee Man met 'n Boodskap.** D/a/Kp 1 Mei '60
Ges. 60: 1,2.
Ges. 156: 5,6. Luk. 24: 28–36.

Luk. 24: 33 – Toe staan hulle in dieselfde uur op en gaan na Jerusalem terug en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was.

As Christus se ontmoeting van hd. twee Emmausgangers by vers 32 ge-eindig het dan het dit 'n baie mooi en roerende verhaal gebly van 2 mense wat in verwondering uitroep: „Was ons harte nie brandende in ons toe Hy met ons op d. pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?" Pragtige Klimaks – en tog 'n pynlike anti-Klimaks want dan het alles gebly by sê. Maar nou eindig die gebeure nie daar nie: dit eindig nie op sê nie, maar op staan op, nie op 'n woord nie, mr. op 'n daad – 'n daad van 2 man met 'n boodskap wat weer lei tot 'n nuwe hoogtepunt in die ontvouing v.d. Godsryk!

Ons let op die volgende stappe van wat gebeur as hulle Xtus herken:

1.) Hulle gaan oor tot 'n daad: „Toe staan hulle in dies. uur op." Hulle tree dus onmiddellik op: daar kom 'n nuwe veerkrag in hulle moeë en uitgeputte ledemate, daar kom 'n daadkrag in hulle optrede. Die aand, die laat, 8 myl moet afgestap word – hulle kan talle verskonings aanvoer w/om dit nie moontlik was nie – mr. ons vind niks d/v nie! Inteendeel, net 'n besliste gedetermineerdheid om daadlik te handel ~~iets groots te doen~~! Te handel vlg. die diepste oortuiging van hulle hart en gewete!

→ As 'n mens Xt. persoonlik ontmoet het, kan jy nie bly stilsit nie – om v. bly lê nie ons te praat nie. Kyk nou na d. beeld v.d.

X/dom van ons dag: is dit nie waar dat duisende mense wat hulself Xtene noem so lekker lê dat hulle nie eers lus het om te gaan sit (al is dit net 1 uur in 'n Kerk!) om van opstaan nie eens te praat nie! „Ek sal jou 'n bydrae gee (as ek iets oor het) mr. moet my asb. nie steur in my Kersantkes, my gholfspeel, my tuinmaak nie. Moet my net nie vra om iets te doen nie!"

Weet u waarom praat dis [agnostiese] so? het een ander: Xtus nog nooit by hulle aan tafel, nog nooit toegelaat dat Hy hulle brood breek! Is dit 'n wonder dat d. wêr. geen eenheid het nie so 'n X/dom? God geen bask. het nie so 'n gemeente?

2) Hulle gaan terug op hulle spore: „En gaan na Jerusalem terug": Jerusalem – waar Xtus in hulle eenvoudige eetkamertjie H/s openbaar het maar iemand nie die wd. Jerusalem daar gebruik nie: plek van bitterste teleurstellinge, plek van pynlike herinneringe, plek van verydelde hoop, plek van wankelende geloof, plek van felle vyandskap (Fariseërs ens.), plek van knellende Tradisie (tempeldiens). Wat gaan maak 'n mens op so 'n plek?

Xtus het geweet dat d. natuurlike reaksie van sy volgelinge sou wees om te sê: Weg van hd. ellendige plek! En daarom moes Hy later spesifiek aan hulle d. opdrag gee: „Mr. julle moet in Jerusalem bly totdat ..." Dws. moenie weg-hardloop van julle verlede en mislukkinge en vyande nie – gaan hulle tegemoet!

→ Nie net elke Xten as persoon mr. ook die



Kerk van Christus as geheel word afaan herinner dat waar 'n lewende, pers. ontmoeting met Xtus plaasgevind het, daar sal ons bereid wees om in die bek v.d. leeu in te loop, om ons vyande in d. naam v Xtus te ontmoet, om ons eie skuld en sonde te bely, ons mislukkings te erken, ons hoogmoed te kruisig!

Sien d. Kerk, die X/dom sy roeping só: t.o.v. die Kommuniste, d. Mohammedane, (die agitators en opruiers) die vyande v.d. Kerk & d. X/dom? Bereid om Xtus te gehoorsaam as Hy dié opdrag gee?

3) Hulle gaan: oortuig v.d. grootshd v hulle bask.: Hulle ontmoeting met Xt. het alles verander: hulle besef nou:

a) alles wat Xt. gesê en voorspel het is waar. Hy is so magtig as wat Hy voorgegee het – ~~stem~~ soos bewys deur sy opstanding.

b) ~~as~~ a) het bewys dat ~~waar is~~. ~~dan~~ al sy ander beloftes ook waar gaan word: die Koms v.d. H.G., die uitbreiding v.d. Godsryk, die oorwinning oor booshd!

c) dis 'n bask. wat nie verswyg mag word nie: hulle dink aan hulle eie verwarring, ontnugtering en wat Xtus vir hulle kom doen het: orde uit d. gaos v. hulle gedagtes geskep, rigting & ver-klaring aan alles gegee – hoe durf hulle nou stilbly terwyl hulle mede-volgelinge in d. diepste nood verkeer! Worstel om lig te kry?

→ Dit was steeds d. uitstaande kenmerk v.d. Xtene v.d. [?]: Paulus, Johannes – dat ~~hulle~~ glo het dat hulle 'n bask. ge-had het wat uniek is; enig van sy soort:

– bedeel vir d. hele [4.] wêreld, alle volkere
– ~~[illegible]~~ bemoedig vir alle mense
– Kuns aandui vir alle krisisse (antwd op vrae)
– gedra deur alle Xtene

Waar is dd. brandende oortuiging by Xtene d. wêr. oor vdag soos ons dit vind by d. Kommuniste, die Mohammedane? As ons waaragtig glo dat ~~d.~~ Xtus Jesus d. enigste antwd is op al ons vrae v. behoeftes v nood sal ons dan nie baie meer ems maak om hd. antwd oor die hele wêreld te laat weerklink en te demonstreer? Is u afv. oortuig? Indien wel, wat is ie bereid om te doen?

4) Hulle getuig van Xtus se Woord en ~~[illegible]~~ daad:

a) „Ons harte brandende .. gepraat .." – Woord

b) „Breking v. d. brood" – daad

→ Xtus bevestig hulle getuienis: terwyl hulle hoor praat, staan Jesus self in hulle midde